
# MET DAPPER EN STAPPER




VAN WAAR DIE HUTTE in die hoofkamp by Mpila staan, dein die heuwelagtige landskap teen die steiltes af. Die vroeë oggendson kleur die amorf-grys bosveldlug ligroos. In die verte kronkel die Wit Umfolozi — 'n rivier sonder inhoud, want die laaste reëns lê reeds vyf maande ver. Maar langs sy oewer streep heldergroen kleure, die weelderige blaredak van rivierbome.

Dit is die Umfolozi-wildreservaat — 184 vierkante myl groot en sowat 150 myl benoorde Durban. Hierdie deel van Afrika is bekend vir sy Zoeloe-geskiedenis en -folklore. Tsjaka, die Zoeloe-koning, het dit eerste as sy koninklike jagterrein geproklameer. Nie ver daarvandaan nie lê Ulundi, die plek waar Cetsjawayo se Zoeloe-impi's deur die Britte en die Natalse koloniste in 1879 verslaan is. Die wildreservaat self is in 1897 amptelik deur die Natalse Regering geproklameer, maar dit is selde besoek totdat 'n wildbewaarder in 1911 daar aangestel is.

Later, toe boerderysake in Noord-Natal uitgebrei is, is die wild op groot skaal verminder ten einde die tsetsevlieg, die draer van slaapsiekte onder vee, uit te roei. Die Umfolozi-wildreservaat het ook in die slag gebly en slegs die witrenosters het vrygespring. As natuurlike afskrikmiddel vir mens en vee het die tsetsevlieë en muskiete waarskynlik tot die tussentydse behoud van die wildreservaat bygedra, totdat die park veilig gevestig en malariateistering en ander siektes, onder beheer gebring is.

Toe die wildreservaat in 1958 heropen is, het die Natalse Parke-, Wild- en Visbewaringsraad besluit om sowat 30,000 acre as 'n wildgebied opsy te sit. Gedurende die afgelope paar jaar is dit aansienlik uitgebrei



**Vanaf 'n plat rots, honderde voete bokant die droë rivierbedding van die Wit Umfolozi, het ons op die ongerepte natuurskoon afgekyk.**



◀ Op pad — met dapper en stapper.



# MET DAPPER EN STAPPER

Alle vorme van motorverkeer is verbode in hierdie ongerepte deel van suidelike Afrika, en slegs wildbewaarders te perd en besoekers wat te voet deur wildbewaarders vergesel word, word toegelaat. 'n Groepie van ons het besluit om so 'n voetslaan-ekspedisie deur die Umfolozi te beproef.


By die wildbewaarder se hut, naby die hoofkamp, het ons die laaiery van die pakdonkies gadegeslaan. Ons was op pad om ons eerste staptog deur die reservaat te onderneem. Voorrade en 'n stel skoon klere moes saamgeneem word. Om die pakkasie te dra, was die donkies se voorland. Vir stadsjapies soos ons was dit 'n gulde geleentheid om weg te kom van die alledaagse.

Oplaas was die wildbewaarder tevrede met die voorbereidings. Hy het sy swaar geweer oor sy skouer gehang en begin aanstryk. Ons het hom gevolg, al langs die stofpaadjie — 'n opgeruimde, opgewende geselskappie. 'n Halfmyl van die kamp af het hy langs een van die wildpaadjies afgedraai. Skielik was ons midde in die wildernis.

Staptogte deur die boswêreld moet nie met uithoutoetse verwar word nie. Omtrent tien myl word te voet per dag afgelê teen 'n pas van nagenoeg twee m.p.u. Die grootste afstand is omtrent 30 myl in 15 uur, maar dit hang natuurlik af van die stappers en die seisoen van die jaar. Die stappery word verdeel tussen die vroeë môre en die laat-agtermiddag. Ons het die keuse van vier verskillende programme gehad: 'n vyf-daagse tog (R20 per persoon); 'n vier-daagse tog (R14); 'n drie-daagse tog (R10); of 'n twee-daagse staptoer (R7). Die minimum-ouderdomsbeperking vir dapper stappers is 16 jaar.

Ons het in enkelgelid beweeg. Almal was stil. Niemand word toegelaat om te rook nie. Onwillekeurig het ons die los klippe en droë takkies probeer systap: die wild moenie gesteur word nie. Wag-'n-bietjie-dorings het ons klere gehaak terwyl ons kort-kort onder die takke deur





▲ Hoewel onskadelik, het hierdie reuse-luislang ons weer eens herinner aan die gevare van die boswêreld.



▶ 'n Ou bosveldkunsie — helderskoon water word uit die rivierbedding herwin.

diep gefluit en die renosters het weggeswenk, doringbosse het teen hul dik huide geraas en toe was hulle weg. Vir nuwelinge soos ons was dit 'n senutergende oomblik, 'n onvergeetlike ondervinding.

By die rivier aangekom, het die bewaarder halt geroep. Middagete. Ons was bly om onder die groot boom te kon uitspan. Die son wat intussen heelwat warmer uit die lug neergebak het, het ons uitgeput. 'n Vuurtjie is aangeslaan, maar toe ontdek ons dat niemand aan water gedink het nie. Die wildbewaarder het geglimlag. Met sy hande bak gevou, het hy 'n gat in die rivierbedding gegrawe. Binne 'n paar minute het 'n kristalhelder stroompie sy hande binnegesypel. Ons het nog 'n bosveldkunsie aangeleer . . .

Terwyl die ander 'n uiltjie geknip het, het ek op my sy gelê en die omgewing bekyk. „In die wildernis is die mens maar slegs 'n verbygaande reisiger wat nie eens 'n spoor nalaat nie." Daar was ons — omring deur die skatte van die natuur — en feitlik onopgemerk. Vreemdelinge in 'n ander wêreld.

Maar die bosse is nie so vreedsaam as wat mens dink nie. Langs die oewer was 'n witrenoster ewe rustig besig om te wei. Sy vierkantige bek het die soet gras letterlik afgestroop. „'n Alleenloper", het die bewaarder opgemerk. „Mens tref hom gewoonlik hierlangs aan."

Tydens die middagskof na die kamp waar ons sou oornag, het nog 'n drama hom afgespeel. Weer eens het die meeste van ons se nekhare gerys toe 'n reuse-luislang oor die paadjie geseil het. „Skadeloos", het iemand gesê, maar ek was nie so seker nie. Naby 'n waterpoel, wat 'n krokodil herberg, het ons 'n bietjie vertoef. Die bewaarder het vertel dat die reptiel gewoonlik daar bly tot die somerreëns die rivier vul en hom uit sy skuilplek langs die oewer lok.

Uiteindelik het die kampplek in sig gekom — 'n pragtige oop terrein wat 'n uitsig oor die rivier bied. Later die aand, toe die kampvuur se betowerende vlamme begin gesels het, was die sorge van die wêreld ver weg. Selfs die bosveld het skynbaar ook tot rus gekom. Geen radio om die stilte te verbreek nie (draagbare stelle word nie op die staptogte toegelaat nie) — geen kontak met die buitewêreld nie.

Ons gids het 'n laaste rondte om die kamp gemaak en daarna sy geweer neergelê. Die weeklaag van 'n hiëna het in die verte opgeklink. Geleidelik het die stilte van die Afrika-nagtoneel ingevou.

Môre sal ons weer deur die wonderlike landskap stap en die wondere van die veld, die omgewing, die stilte en die dierekoninkryk van Umfolozi waarneem. Dis te danke aan die toewyding van die Natalse Parkeraad wat hierdie toevlugsoord vir alle wildliefhebbers bewaar.

Indien u belangstel om hierdie oord te besoek, doen asseblief navraag by die Natalse Parkeraad se Sentrale Besprekingskantoor, p/a Die Besprekingsbeampte, Posbus 662, Pietermaritzburg. • • •



'n Imposante groepie witrenosters (Ceratotherium simum)





koes. Sweetdruppels het op ons gesigte begin pêrel. Ons het nog steeds die maklike wildpaadjie al langs die heuwelkontoer gevolg en ek het geloop en dink: „Die diere is darem maar slim . . ." Maar die wildbewaarder het ander planne gehad.

Hy het uit die paadjie gedraai en sy pad teen die steiltes en oor klipperige grond gebaan. Vyftien minute later het ons by 'n opening in die ruigte uitgekom. Ons het bo-op 'n uitkykpos op 'n plat rots gestaan. Honderde voete onder ons het die Wit Umfolozi se geelwit sand vol stippels gelê — die spore van tallose diere.

Jou werklikwaar! Daar was hulle! 'n Groepie bobbejane het ongeërg die rivierbedding oorkruis. Aan die oewer het bokke gewei — njalas en waterbokke, asook 'n bosbokram en sy ooi wat intussen in 'n oop kol uit die bosse verskyn het.

Die voëlliefhebber in ons geselskap en die wildbewaarder, 'n voelkenner, het hul vondse aan ons gewys. Onderkant die uitkykpos het 'n piepklein suikerbekkie met sy skitterblou vere voor die dieprooi blomme van 'n foksia gefladder. Bokant die rivier het 'n visarend grasieus op onsigbare lugstrome gesweef. Dit was maar die begin van ander wedervaringe: ons het ook 'n aasvoël aan 't broei aangetref en in die boonste takke van 'n wildevyeboom rare klein groen voëltjies ontdek.

Na die opfrissing het ons versigtig deur die digte bosse, al met die wildpaadjie langs, rivier toe gestap. Die oomblik waarvoor almal gewag het, het aangebreek. In 'n oop kol, onder die skadu's van 'n akasiaboom, het twee witrenosters droomverlore gestaan. Hul ontsaglike, vaatjielywe bo-op hul stomp maar kragtige bene en die kort, haarlose stertjies wat kort-kort rondswiep, het my laat hoendervel kry. Hul koppe het soos vraagtekens in ons rigting gedraai, en ons kon ons verkyk aan die prehistoriese toneel.

Miskien het die bries waarvan ons niks wis nie, koers verander, want die oerdiere het onrustig begin lyk. Hul ore was gespits om 'n vreemde geluid op te vang. Die spanning het vir hulle blykbaar te veel geword en hulle het vorentoe begin waggel. Onbevrees het die wildbewaarder





'n Waterlikkewaan stryk aan na sy skuilplek in 'n miershoop.

Weg is hy! Die likkewaan verdwyn in sy gat.



▲

Mnr. A. Dowle (links), 'n voëlliefhebber, en die wildbewaarder bekyk 'n renoster se „skuurplek".

◀

Weldra was die kampplek 'n tweede tuiste.

**Artikel en foto's: Ralph King.**

▶

Norman King, 'n fotograaf van Johannesburg, het gedemonstreer hoe mens 'n renoster afneem.

